Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Hooggeregshof Hersieningsnr: 34\06

Landdros Saaknr: RC 51\05
Datum gelewer: 2006\03\24

In die hersieningsaak van:

**DIE STAAT**

*versus*

**IGNATIUS GERHARDUS APRIL** **BESKULDIGDE**

Coram: MAJIEDT R *et* OLIVIER R

# UITSPRAAK OP SPESIALE HERSIENING

**MAJIEDT R:**

1. Nadat die appellant skuldig bevind is in die distrikshof aan drie aanklagte van diefstal, is die saak na die streekhof verwys vir vonnisoplegging ingevolge artikel 116(1)(a) van Wet 51 van 1977 ("die Wet") se bepalings. Die streeklanddros het twyfel gehad aangaande die korrektheid van die skuldigbevindings en het bepaalde navrae in dié verband gerig aan die distrikslanddros. Die antwoord op dié navrae het nie die streeklanddros se twyfel uit die weg geruim nie en het hy gevolglik die aangeleentheid na hierdie Hof versend op spesiale hersiening ingevolge artikel 116(3)(a) van

die Wet se bepalings.

2. Die streeklanddros se bekommernisse aangaande die korrektheid van die skuldigbevindings kan as volg saamgevat word:

2.1 Dat die distrikslanddros hom *mero motu* moes onttrek het vanaf die verhoor, omrede hy in die beskuldigde se borgaansoek vroeër voorgesit het, aldus kennis opgedoen het aangaande die meriete van die saak self en ook 'n "geloofwaardigheidsbevinding" teen die beskuldigde se karakter aldaar gemaak het.

2.2 Dat die distrikslanddros "leidende" vrae aan die beskuldigde gestel het tydens die artikel 115-verrigtinge en dat die ondervraging self té lank en onbillik was.

2.3 Laastens – 'n aspek wat nie vervat is in die streeklanddros se navraag aan die distrikslanddros nie, maar tog in die streeklanddros se skriftelike redes vir voorlegging van die saak op spesiale hersiening aan hierdie Hof verskyn – die feit dat *"artikel 220 (van die Wet) was toegepas na die erkenning van beskuldigde en toestemming dat dit as formele erkenning aangeteken kan word deur die hof aan hom toe verduidelik – bladsy 27 paragraaf (sic) 5-10".*

3. Die beskuldigde was onverteenwoordig tydens sy verhoor – hy was klaarblyklik nie tevrede met die kwaliteit en vermoë van die regsverteenwoordiger aan hom toegewys deur die Regshulpraad

nie en het laasgenoemde gevolglik onttrek. Die beskuldigde is herhaaldelik ingelig van die implikasies van sy optrede, maar het desnieteenstaande daarop aangedring om sy eie verdediging te behartig.

4. Op aanklagte 1 en 2 is beskuldigde daaraan skuldig bevind dat hy goedere gesteel het vanuit die sakke op twee motorfietse wat in ‘n halfoop garage geparkeer was. Op aanklag 3 is die beskuldigde daaraan skuldig bevind dat hy sigarette wat hy vroeër aan die klaer verkwansel het, vanaf die klaer gesteel het. Uitgesluit die streeklanddros se bovermelde bekommernisse aangaande die skuldigbevindings, is ek heeltemal tevrede dat die Staat oorvloediglik op aldrie aanklagte die beskuldigde se skuld bewys het. Die vraag is vervolgens of die streeklanddros se bovermelde kwellinge gegrond is en, indien wel, wat die effek daarvan is op die skuldigbevindings.

5. Die distrikslanddros het inderdaad vroeër voorgesit toe die beskuldigde onsuksesvol aansoek gedoen het om op borgtog vrygelaat te word. Dié borgaansoek is afgewys primêr omrede die beskuldigde ‘n aantal van sy vorige veroordelings verswyg het in getuienis, en omdat hy, nadat hy ná arrestasie op aanklagte 1 en 2 op eie verantwoordelikheid vrygelaat is, ‘n dag later die misdryf op aanklag 3 gepleeg het. Die beskuldigde en die ondersoekbeampte het by die borgaansoek getuig – laasgenoemde natuurlik ten behoewe van die Staat ter opponering van die aansoek. Daar kan beswaarlik fout gevind word met die distrikslanddros se afwysing

van die borgaansoek, gegewe die voormelde grondige redes vir sodanige beslissing.

6. Op ‘n laatstadium tydens die artikel 115-verrigtinge, wat taamlik tyd in beslag geneem het, het die landdros tot die besef gekom dat hy voorheen die beskuldigde se borgaansoek aangehoor het. Die volgende het toe geskied *ex facie* die oorkonde:

> “Goed. Meneer hier het nou ietsie wat ek nou opgelet het, en ongelukkig moet ek dit dan nou met u opneem op hierdie stadium. Dit is dat nou met u vertelling wat u nou vir my gee, het ek nou in my geheue teruggeroep dat ek inderdaad die borgaansoek ook gedoen het in u geval, en dat al hierdie feite waarvan u nou praat, veral met die sigarette, het ek dit, dit het nou weer in my geheue opgekom. Nou moet u vir my sê want ek het die borgaansoek gedoen. Dit is u reg om te verwag dat iemand anders u verhoor doen omdat ek alreeds ‘n borgaansoek in u geval gedoen het waarby hierdie feite wat u dan nou vir my gesê het, en dit my nou herinner het, nou opgekom het. Wil u hê dat ‘n ander landdros hierdie verhoor moet doen, want u sien ek het dan nou sekere goed opgeroep in my geheue na aanleiding van dit wat u nou vir my vertel het, en dit is en bly u reg om te verwag dat ‘n landdros wat nie die borgaansoek gedoen het nie né, dit bly u reg om te verwag dat ‘n landdros wat nie die borgaansoek gedoen het nie inderdaad dan die verhoor doen, en dan sal die saak net uitgestel moet word sodat ‘n ander landdros kan kom om inderdaad dan die verhoor self waarneem. Verstaan u wat ek vir u verduidelik. --- Ek verstaan Edele.

Goed, hoe wil u maak. Wil u hê ek moet voortgaan met die verhoor of wil u hê dit moet uitgestel word vir ‘n ander landdros om die verhoor te doen. --- Edele, ekskuus tog, ek het nou nie, ek het nou gesê wel dat ek verstaan, maar ek het nie regtig nou regtig soos in regtig verstaan hoe u Edele nou regtig bedoel nie.

Goed. Kyk ek het nou, ek sien nou op die koevert en ek hoor na aanleiding van dit wat u vir my vertel het, het dit by my gedagte opgekom dat ek het mos nou die borgaansoek gehoor en u is onverdedig, u het nie ‘n prokureur nie. U prokureur het nie ‘n probleem gehad dat ek u verhoor doen klaarblyklik nie, maar u is nou onverdedig, u het nie ‘n prokureur op hierdie stadium nie, daarom moet ek vir u verduidelik dat ek het die borgaansoek aangehoor. Met ander woorde ek het sekere inligting wat in ‘n borgaansoek is wat ek nie mag gebruik in die verhoorsaak teen u nie. --- Ja.

Né, of mag gebruik nie (onduidelik). Nou is dit so dat dit die keuse van die persoon, dat dit nie altyd wenslik is dat die landdros wat die borgaansoek doen die verhoor moet doen nie. Verstaan u wat ek vir u sê. --- Ek verstaan reeds.

Omdat dit dan daarop dui dat daardie landdros het kennis van die borgaansoek, en as daar goed gesê is oor die saak in die borgaansoek, dan mag dit daardie landdros affekteer by die verhoor omdat die landdros kennis het van dit wat gesê is in die borgaansoek. U reg het u om vir die Hof te vra dat 'n ander landdros dan eerder die verhoor doen wat nie weet wat in die borgaansoek aangegaan het nie. As u dit dan nou wil hê dat ek nie die verhoor moet doen nie, of moet voortgaan met die verhoor nie, kan u net vir my vra dat ons dat die saak moet uitstel sodat 'n ander landdros dan verkry kan word om die verhoor dan te doen. Dat ek dan nie voortgaan met die verhoor nie. Verstaan u wat ek vir u verduidelik. --- Ek verstaan nou u Edele.

Verstaan u nou. --- Ja Edele.

Wat is u besluit. --- Ek het nie 'n probleem met u Edele self nie. So dit sal alright wees as u Edele nog steeds verder gaan. "

7. Uit die aangehaalde passasie blyk dit na my mening duidelik dat:

7.1 die distrikslanddros heeltemal ter goeder trou opgetree het en werklikwaar nie vroeër daarvan bewus was dat hy al vantevore die beskuldigde se borgaansoek aangehoor het nie; en

7.2 die distrikslanddros baie vollediglik en so eenvoudig moontlik aan die beskuldigde verduidelik het wat sy opsies ingevolge die reg is.

8. Ek gaan nie akkoord met die streeklanddros se stelling in sy voorleggingsredes aan hierdie Hof dat: *"hoewel landdros aan beskuldigde verduidelik dat hy die reg het om ander landdros te vra om verhoor te behartig as die wie die borgaansoek aangehoor het is dit duidelik dat beskuldigde nie werklik die lang verduideliking verstaan het nie"* (par. 4.3 van die streeklanddros se redes). Uit die aangehaalde uittreksel uit die oorkonde hierbo blyk dit tog myns insiens duidelik dat die distrikslanddros 'n tweede

maal die verduideliking verskaf het en dat die beskuldigde toé verstaan het en tevrede was dat die verhoor kon voortgaan voor die betrokke landdros.

9. Moes die distrikslanddros *mero motu* onttrek het? Ek dink nie so nie. Die verhoor het plaasgevind in Keimoes, waar slegs een landdros gestasioneer is – hierdie verduideliking blyk uit die distrikslanddros se reaksie op die navraag. Dit gebeur male sonder tal dat in sulke omstandighede 'n landdros 'n borgaansoek aanhoor en daarna in die daaropvolgende verhoor voortsit. Dit is weliswaar ongewens, maar stel nie *per se* 'n onreëlmatigheid daar nie, veral nie waar die regsposisie dan volledig aan die onverteenwoordigde beskuldigde verduidelik word, soos wat hier die geval was nie.

Vergelyk in hierdie verband:

**S v Dirk Nieuwoudt** – ongerapporteerd – Noord-Kaapse Afdeling, Majiedt R et Olivier WnR, Hersieningsaaknr.: 181/03, gelewer op 23 Mei 2003.

10. By die vraag aangaande wat 'n onreëlmatigheid daarstel sowel as die effek daarvan, gaan dit nou in ons huidige grondwetlike bedeling eerder om substansie as tegnikaliteite. Anders gestel – by beantwoording van die vraag of 'n beskuldigde 'n billike verhoor gehad het word eerder gelet op die substansie ten einde werklike geregtigheid te bewerkstellig.

Sien: **Key v Attorney-General Cape of Good Hope & Another 1996(4) SA 187 (CC).**

11. Selfs al is ek verkeerd in my voormelde bevinding en sou die distrikslanddros se optrede inderdaad 'n onreëlmatigheid daarstel, meen ek nie dat dit die beskuldigde dusdanig (indien hoegenaamd) benadeel het dat dit tot 'n regskending gelei het nie.

Sien: **S v Gaba 1985(4) SA 734 (A)**

**S v Coetzee en andere 1995(2) SASV 742 (K)** te 747 h-j.

12. Samevattend dus ten aansien van hierdie eerste aspek – ek is die mening toegedaan dat die distrikslanddros nie 'n onreëlmatigheid begaan het deur later die verhoor waar te neem nie; indien hy tog wel 'n onreëlmatigheid begaan het, het dit geensins tot 'n regskending gelei nie.

13. Die volgende aspek wat oorweging verg is die vraag naamlik of die distrikslanddros 'n onreëlmatigheid begaan het tydens die artikel 115-verrigtinge.

13.1 Ten eerste is dit inderdaad korrek dat die artikel 115-verduideliking en –ondervraging lank was. Die landdros se vrae ter opheldering was egter nie net wenslik nie, maar ook noodsaaklik, gegewe die aard van die beskuldigde se verduideliking. Die beskuldigde het naamlik op aanklagte 1 en 2 as verweer aangevoer dat hy 'n sak met items opgetel het wat later geblyk het die eiendom van die klaers te wees.

Op aanklag 3 het hy verduidelik dat ‘n sake-transaksie met die klaer ten aansien van sigarette skeefgeloop het, aangesien laasgenoemde nie ten volle gepresteer het nie en hy (die beskuldigde) gevolglik die sigarette “teruggeneem” het. Hierdie was dus nie eenvoudige verduidelikings nie en was vrae ter opheldering beslis in orde.

13.2 Die distrikslanddros het weliswaar gefouteer op een aspek tydens die voormelde ondervraging. In sy pleitverduideliking het die beskuldigde aanvanklik slegs gesê dat:

> “…..ons, ek en my broertjie, die dag deur die toeriste-oord gery het en ‘n sakkie daar gelê het met items binne-in”.

Nadat die roete van die pad deur die toeriste-oord bespreek is, het die landdros die volgende (onvanpaste) vraag gevra:

> “En u het ‘n sakkie gekry **<u>met</u>** die items wat hierin vermeld is.” (eie beklemtoning).

Hierop het die beskuldigde bevestigend geantwoord. Lateraan vra die landdros:

> “Goed. In die sakkie was, **<u>u sê</u>** was hierdie items wat hierso gemeld word in hierdie klagte”. (eie beklemtoning)

Die beskuldigde het inderwaarheid tot op hierdie stadium nog nie self aangevoer dat die gesteelde items in die sak was nie – hy het bloot bevestigend geantwoord op die landdros se onvanpaste vraag hierbo aangehaal. Tot dié mate dus is die streeklanddros geregverdig in sy navraag. Hierdie mistasting aan die distrikslanddros se kant het egter na my mening hoegenaamd nie tot die beskuldigde se

benadeling gelei nie. Die Staat het aan die einde van die dag bo alle twyfel die beskuldigde se skuld op dié aanklagte bewys. Daar kan na my mening hoegenaamd nie fout gevind word met die distrikslanddros se verwerping van die blatant leuenagtige weergawe van die beskuldigde soos vermeld nie.

13.3 Daar kan ook nie na my mening gesê word dat die distrikslanddros onbillik was in sy ondervraging van die beskuldigde nie. Hy het bloot aspekte wat onduidelik was probeer opklaar. Hy het ook nooit op enige stadium die beskuldigde probeer vasvra nie.

14. Ter samevatting dus is ek van mening dat daar geen meriete is in die streeklanddros se siening dat die artikel 115-verrigtinge 'n onreëlmatigheid daarstel wat tot 'n regskending gelei het nie.

15. In sy uitspraak in die borgaansoek het die distrikslanddros, heeltemal tereg op die bewese feite, bevind dat die beskuldigde nie openhartig met die hof was aangaande sy misdaadrekord nie. Die distrikslanddros het dit naamlik gestel dat die beskuldigde die hof en sy regsverteenwoordiger "mislei" het. Dié bevinding is dalk effens oordrewe gestel, maar dit doen glad nie daaraan afbreuk dat dit 'n geregverdigde bevinding in die omstandighede was nie. Hierdie "geloofwaardigheidsbevinding" teen die beskuldigde het glad nie 'n rol gespeel in die uitspraak op die meriete in die hoofverhoor self nie. Eerstens het die beskuldigde, verbasend

genoeg, nie self getuig nie, ten spyte van die baie sterk *prima facie* saak teen hom. Tweedens is sy getuies se getuienis tereg verwerp as vals bo redelike twyfel. Waar die getuies nie, op hul eie weergawe, heeltemal onseker van hulle feite en/of datums en tye was nie, was hulle andersins ooglopend leuenagtig in hul weergawes. Ook op hierdie aspek dus het die distrikslanddros nie gefouteer nie.

16. Die laaste aspek gaan oor die artikel 220-erkennings – 'n aspek waarop die distrikslanddros nie gevra is om te reageer nie. Die volgende het plaasgevind tydens die artikel 115-ondervraging:

> "Ten opsigte van daardie goed wat dan in besit gevind is van u, is u dan bereik om 'n erkenning te maak in terme van artikel 220 van die Strafproseswet dat daardie items wat u nou gemeld het, wel in u besit gevind is. --- Ja Edele.
>
> ….deur die polisie. Wag net eers. Dit gaan beteken as u dit erken, gaan dit beteken dat die Staat nie hoef te bewys dat daardie goed in u besit gevind is nie. Verstaan u dit. --- Ek staan Edele.
>
> Is u bereid om dan daardie erkenning te maak. --- Ja Edele.
>
> Goed. Dan word dan … --- Dat dit die, sorry Edele. Ekskuus tog. Die beursie is in my besit gekry.
>
> Maar wat is nou nog, en die ander goed. --- Die goedere het ek gesê dat my broer, is dit by broer gaan haal, die klein broertjie wat saam met my gewees het.
>
> Goed, maar dit was in u besit gewees. U het dit besit. --- Ja.
>
> U het dit in ontvangs geneem by u broer. --- Ja Edele.
>
> So al hierdie goed was in u besit gewees. --- Ja u Edele.
>
> So u erken dat inderdaad al hierdie goed in u besit was, en dat dit so genotuleer kan word as 'n erkenning dat al hierdie goed in u besit was, maar dat net die beursie is deur die polisie in u besit gekry. Is dit wat u vir my sê. --- Dit is reg u Edele.
>
> Goed, dit sal dan nie nodig wees vir die Staat om dit te bewys teen u dat u in besit was van daardie items. --- Ja u Edele.
>
> En dan deur die polisie in besit gevind is van die beursie nie. Verstaan u dit so. --- Ek verstaan u Edele.
>
> Is dit reg so. --- Dit is reg Edele.
>
> Dit word dan so genotuleer as 'n erkenning in terme van artikel 220 (van die Strafproseswet)."

Hieruit kan gesien word dat die beskuldigde alreeds "ja" geantwoord het, onderwyl die distrikslanddros nog besig was met sy verduideliking aangaande artikel 220 se bepalings. Hieraangaande kan die distrikslanddros tog nie verwyt word nie; bowendien en in elk geval ontgaan die benadeling teenoor die beskuldigde my heeltemal.

17. Gevolglik is ek die mening toegedaan dat die verrigtinge voor die distrikslanddros wel ooreenkomstig die reg is en word die saak na die streeklanddros teruggestuur vir vonnisoplegging.

_______________

**SA MAJIEDT**
**REGTER**
**Noord-Kaapse Afdeling**

**Ek stem saam:**

_______________

**CJ OLIVIER**
**REGTER**
**Noord-Kaapse Afdeling**